'N PLAN OM PLAASLIKE REGERING BETER TE LAAT WERK VIR JOU

Stem ANC

'n Beter Lewe Vir Almal

ANC

AFRIKAANS

'N PLAN OM PLAASLIKE REGERING BETER TE LAAT WERK VIR JOU

In die vyf jaar sedert Suid-Afrikaners vir hul eerste volkome demokratiese en nie-rassige plaaslike rade gestem het, het ons saamgewerk om die lewens van gemeenskappe dwarsdeur die land te verbeter.

Paaie is geteer en strate is vir die eerste keer verlig; water en elektrisiteit het meer toeganklik as ooit tevore geword; meer huise is gebou; plaaslike dienste soos vullisverwydering het verbeter; baie mense geniet nou gratis basiese dienste; nuwe sport- en ontspanningsfasiliteite is gebou; en plaaslike regeringskantore het meer doeltreffend geraak om in die behoeftes van die inwoners te voorsien.

Maar daar's nog baie wat gedoen moet word. Deur voort te bou op die vordering wat ons gemaak het en uit ervaring te leer, kon die ANC **'n plan** daarstel **om plaaslike regering beter te laat werk vir jou**.

Met hierdie plan wil ons:

- **Die lewering van basiese dienste bespoedig** sodat alle Suid-Afrikaners toegang tot skoon water en behoorlike sanitasie sal geniet teen 2010, alle huise elektrisiteit sal hê teen 2012, en daar 'n universele voorsiening van gratis basiese dienste sal wees,
- **Die voorsiening van behuising verbeter**, om beter gehalte huise nader aan ekonomiese geleenthede te verseker,
- **Openbare dienste verbeter** by hospitale en klinieke, skole, polisiestasies en ander regeringsentrums,
- **Werksgeleenthede skep** deur groot projekte in alle provinsies te implementeer,
- **Infrastruktuur bou deur middel van die Openbare Werke Program** ten einde vaardigheidsontwikkeling te bevorder en meer werksgeleenthede te skep,
- **Armoede beveg** deur spesiale programme in plattelandse en stedelike gebiede waar die armste mense bly te implementeer,
- **Kleinbesigheidsontwikkeling ondersteun** deur hulp te verleen wat vaardighede, krediet en ander behoeftes betref.

Om te verseker dat hierdie plan behoorlik uitgevoer word, het die ANC-regering hoë-kaliber spanne saamgestel om saam met daardie munisipaliteite te werk wat intensiewe, **taakgeoriënteerde ondersteuning** benodig.

Oudits sal gedoen word om te bepaal watter vaardighede elke munisipaliteit skort sodat die ANC kan verseker dat plaaslike regering **meer bronne en opgeleide personeel** tot hulle beskikking het.

Ons sal die raadslede se prestasie en verantwoordbaarheid verbeter met 'n **etiese kode** wat elke ANC plaaslike raadslid sal moet sweer om te onderhou. Aan die hand hiervan, sal hulle werk voortdurend geëvalueer word om te verseker dat hulle al hulle verpligtinge nakom.

Ons almal wil graag beter dienste in ons skole, gemeenskaps-klinieke en regeringskantore hê. Ons almal wil beter geleenthede hê om die lewens van ons families te verbeter. Elke gemeenskap verdien behoorlike sanitasie, goeie paaie, skoon woonbuurte en straatligte.

Deur hande te vat en saam te werk in 'n Volkskontrak, kan elkeen van ons 'n beter lewe onder die Suid-Afrikaanse son geniet.

So ondersteun die plan om plaaslike regering beter te laat werk vir jou.

Stem ANC in die plaaslike regeringsverkiesings op 1 Maart 2006.

Stem ANC

1 MAART 2006

ANC

Uitgereik deur die African National Congress • 54 Sauer Street, Johannesburg 2001. Tel: 086 717 7077
Gedruk deur Shereno Printers. 10 Atlas Road, Dunswart, Boksburg. Tel: (011) 894 4150